

Afguns in die lig van die agste gebod

Teks: Spreuke 11: 18 - 31 & Sondag 41
Teksvers: Spreuke 11: 25

1. Inleiding

Korrupsie is geen nuwe ding vir ons as gelowiges nie. Ons leef in tye waar ons gereeld dit gereeld sien. Selfs hier in ons eie plattelandse dorpie, is ons nie vrygestel hiervan nie. Dink maar net aan die gebeure vrydag hier in ons eie dorp. Tenderbedrog is al so algemeen in Suid Afrika dat ons van Tendertrepreneurs praat, 'n profesie wat hier sy ontstaan het en beoefen word.

Maar hoekom is mense dan gewoonlik so kwaad oor hierdie verryking van sekere mense? Die antwoord lê in die feit dat ander mense benadeel word. Ja die Tendertrepreneur spandeer dalk sy nuutgevonde inkomste op produkte uit ander sektore van die ekonomie. Maar die sektor waarin die korrupsie gepleeg word, gaan agteruit omdat die ekonomiese ewewig versteur word

Tog is hierdie glad nie so nuwe probleem vir die mensdom nie. Intendeel hierdie is een van die oudste sondes van die mense. En juis daarom is daar al in die tiengebooie, die agtste gebod. Ons ken die goed in die vyf woordjie: "Jy mag nie steel nie." Maar wat beteken 'n werklike onderhouding van die 8ste gebod?

Want dinge soos korrupsie en tenderbedrog voel so ver vir ons. Ek bedoel meeste van ons is mos nie tans deel van die bevoordeelde bevolkingsgroep wat posisie beklee waarin hierdie misdade gepleeg kan word nie. Tog begin hierdie sonde soos alle sondes met die boosheid in die hart. Want dit is veral kleptomaneie is bekend is vir die stelsel matige groei in die oortreding. Eers iets kleins en dan groter en groter. Kom ons ondersoek die hart waaruit so iets gebore word, maar ook die verlossing en hoop wat daar is.

2. 'n Seënende siel

Daar is 'n gevoel wat van binne die kom mens. Of jy dit nou jou hart, siel, wese of filosofie noem. Daar is daardie oortuiging wat van binne kom wat dikwels optrede in 'n rigting dwing. Dit is hierdie woord wat ook vandag ons teksvers begin. In die grondteks is dit die Hebreuse woord, nefesh, wat verband hou met dit wat die mens laat lewe. Dit wat die Here self in mens inblaas tydens die skepping in Gen 1:20. Die here het dan die siel goed en volmaak geskape.

En dit is hierdie tipe siel waarna ook verwys word in ons teksvers. Want hierdie woord staan in 'n konstruksie met 'n ander positiewe woord. Die woord wat gebruik word vir seën of seëning. Sien soos enige poësie, moeilik vertaal word uit 'n ander taal, so is dit ook met die Spreuke van Salomo. Ons sien byvoorbeeld dat die nuwe vertaling fokus op die dade wat die besproke gesindheid openbaar: "Mense wat vrylik uitdeel", Die 2020 vertaling gebruik 'n ietwat ouer woord en praat van 'n Gulhartige persoon. Wat dit moeilik maak om te verstaan, is omdat gulhartig juis die teenoorgestelde van gulsigheid beteken. Dit het baie meer in gemeen met mildelik.

Die 33/53 vertaling kom baie nader met die woorde: "Die siel wat seën." Maar selfs dit kan maklik die idee van 'n eenmalig of net met tye handeling gee. Waarvan ons eintlik hier praat is die seënende siel. Die siel wat voordurend besig is om ander te seën. Wat so wat se aan die lewe wees bestaan uit die aktiewe opsoek van ander mense se voorspoed. Maar hoekom klink hierdie seënende siel dan vir ons na so vreemde konsep? Hoekom voel dit vandag soos 'n raar kommoditeit.

3. Afguns as sonde

Kom ons begin by die idee wat lynreg teenoor die seënende siel staan, die afgunstige siel. Afguns is so 'n bietjie meer bekend aan ons. Afguns is daardie gesindheid binne mense waar hul broer of suster niks gegun word nie. En 'n mens sien dit dikwels, in die samelewing vandag. Mense bevorder dikwels nie net hulle materiële rykdom tot op die punt van 'n gemaklike lewe nie. Hulle bevorder dit totdat die mense rondom hulle byna van die honger omkom. Afguns lê in daardie idee dat enige-

iets wat my broer of suster het, my eintlik toekom.

Maar waar kom afguns dan vandaan. Ons weet dat die perfekte siel wat die Here in die mens in blaas, 'n seënende siel is. Maar dan kom die duiwel op die toneel en hy begin hierdie siel bederf. Dit vrot dat later weg, totdat daar geen etlike sprankel van seën oor is nie. Dit begin al met die afguns wat jy juis in die mens se hart skep. Die duiwel sê aan die mens in Genesis 3:5 dat hy soos God kan wees. Ons weet dat die mens dan hierdie pad van die sonde stap. En dit is hoe die seënende siel stelselmatig in die afgunstige siel verander het.

Maar dit is gelukkig nie waar alles eindig vir die mens nie. Want die volmaakte seënende siel, kom na die aarde. Ons Here Jesus Christus kom na die aarde, as sondelose mens. En dan kom wys Hy vir ons, wat die volmaakte seënende siel is. Hy kom seën uitverkiesde mense uit die ganse mensdom. En dit doen Christus juis deur die toppunt van 'n seënende siel uit te leef. Hy doen dit deur sy volmaakte offer aan die kruis te bring. Hy lê sy lewe vir ons af.

Deur hierdie verlossing word die mens se seënende siel herstel. Ons kan nou weer tot eer van die Here leef, vanuit 'n seënende siel.

4. 'n Gunstige samelewing

Die seënende siel teenoor die afgunstige siel hou uiteindelik baie voordele in. Ten diepste is hierdie gesindheid waaroor die agte gebod gaan. Ons in die kategismus dat die 8ste gebod een van die min gebooie is wat in die twee dele van gebied en verbied gedeel word. Trouens die agste gebod is die enigste een wat so duidelik in die twee dele gedeel word. Die rede hiervoor is die voordeel wat baie groter is as die enkele individu.

Dit is die wysheid wat Salomo ook oordra in ons teksgedeelte vandag. Die persoon wat ywer ander mense seën, word ook uiteindelik geseën. En hierdie omgekeerd-eweredige beginsel maak mos net nie sien nie. Dit is mos onlogies om te dink dat hoe meer ek weggee hoe meer sal ek ontvang. Maar eintlik openbaar die Here aan ons ware wysheid hier deur Salomo.

Eerstens wanneer is werklik tot seën van ander mense is, dan het die Here ook mos 'n rede om ons te seën. Ons moet altyd die strome lewende water van die Here af laat

vloei, na ander mense. Ons mag nooit die damwal wees nie.

Tweedens het hierdie beginsel die vermoë om 'n samelewing te verander. Want wanneer mense werklik besef dat dit wat hulle gee positief aangewend gaan word en ook verder as die ontvangende individu sal gaan, dan is mense meer vrygewig. En in 'n meer vrygewige samelewing, sal jy ook meer kan ontvang. So 'n samelewing is dan juis 'n gunstige samelewing om in te leef.

5. Slot

Ons kan vandag se preek oor die agste gebod afsluit deur ongelukkig eers vir 'n oomblik terug te keer na die boosheid van die mens. Ons weet is die ideale voorgestelde vrygewige samelewing wat bo uitgebeeld word, sal die boosheid van die mens ook intree. En daarom hierdie laaste manier waarin die agste gebod ook gebreek kan word.

Wanneer 'n mens in so 'n vrygewige gemeenskap woon, kan die boosheid in jou maklik veroorsaak dat jy net 'n skyn vrygewigheid, voorhou. Ons sien dit vandag baie in die handelswêreld. Groot ondernemings samel van jou geld in vir liefdadigheid, maar betaal dit dan ook met 'n groot advertensie van hulle eie handelsnaam. Ons weet in die bybel was die Fariseërs ook lief vir hierdie uiterlike vertoon van Godsdienst. Ook by vrygewigheid ken ons die geskiedenis van Annanias en Saffira.

Dit is dan uiteindelik ook 'n oortreding van die agste gebod. Sodra ek enige ekonomiese stelsel manipuleer net vir my eie voordeel. Duidelik is die diepste probleem in lyn met die agste gebod, gierigheid. Dit bly daardie oortuiging binne 'n persoon om die eiendom en uiteindelik die voorspoed van sy naaste in te palm.

Maar in antwoord hierop gee die Here ook vir ons die goue reël in Mattues 22: 37: " 'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel' en met jou hele verstand. ³⁸Dit is die grootste en die eerste gebod. ³⁹En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: 'Jy moet jou

naaste liefhê soos jouself.” Let deeglik op die volgorde van belangrikheid, wat dit geld ook uiteindelik in ons ekonomiese oortuigings. Die volgorde is en bly: Die Here, my naaste en dan myself.

Amen